

Lecturer Support: 2021 ARTLA (Augmented Remote Teaching Learning & Assessment)

In preparation for the undergraduate academic programme starting on 15 March 2021, the Learning, Teaching and Assessment work group consisting of representatives from LTE, IT, the responsibility centre of the Registrar's Division, Library and Information Services, SU International, Faculties as well as students have had some discussions as to how best we can support lecturers. As support divisions we have learned a lot in 2020 through collaboration and in close partnership with faculties and students. Our approach for 2021 is as follows:

We want to harness what we have learned, consolidate and adapt our 2020 ERTLA (Emergency Remote Teaching Learning & Assessment) resources for the 2021 ARTLA (Augmented Remote Teaching Learning & Assessment) scenarios and add resources and support where there are gaps as we move from ERTLA (2020) to ARTLA (2021). As in 2020 we want to use one overarching organising framework, the DeLTA framework ([available here](#)) to contextualise our activities and this communique provides an overview of all the support initiatives currently planned that you can also circulate to all lecturers within your respective faculties.

Updates to 2020 resources and support

1. Lecturer Support for Teaching Online Site ([available here](#))

Lecturers are encouraged to continue using this site and its resources for ARTLA 2021 preparation. This site is currently being updated to be more streamlined, user-friendly and to align closely with the DeLTA Framework that we use as overarching organising framework for all our activities. The redesigned version of the Lecturer Support for Teaching Online Site has been available since 1 March 2021. Updates include the latest DeLTA framework, ARTLA "Plan once" framework, and further support documentation for the first term.

Current topics will still be accessible, such as:

- Webinars presented in 2020 ([click here](#))
- Practical, step-by-step guidelines related to SUNLearn activities and resources ([click here](#))
- Information regarding online assessment approaches, principles and guiding policies ([click here](#))
- The effective use of synchronous engagement tools, such as MS Teams ([click here](#)) and Adobe Connect ([click here](#))

Also see the professional support staff contact details per faculty available [here](#).

2. (Online) assessment

The integrity and validity of SU's (online) assessment is one of the main priorities for 2021 – both in terms of shifting assessment practices and using online electronic assessment systems to e.g., assist with proctoring and the overall management of assessment. An update of the consolidated assessment document that we compiled in 2020 is available on the Lecturer support for Teaching Online site ([click here](#)). We are also embarking on a formal evaluation process of online assessment systems with functions that are not currently available in SUNLearn, e.g. proctoring. We had discussions with various online assessment system providers last year, and we are now formalising the process and we will keep you updated as we are making progress.

New initiative

1. ELS (Extended Learning Spaces) and ARTLA (Augmented Remote Teaching, Learning and Assessment)

SU embarked on an ambitious and complex Extended Learning Spaces (ELS) project in November 2020 to fast track the installation of units within approximately 183 schedulable venues to enable lecturers to stream and record lectures, as well as, interact with students who are not physically in the venues. The current installation timeframe is from **the beginning to the end of May 2021**.

Although the full solutions will not be available on 15 March for the start of the academic year, all the preparation work and support and training will be done in the interim. As part of the lecturer support material we will also provide support material for solutions to stream and record from learning spaces with the equipment currently available in the lecture venues to enable ARTLA. To further help lecturers prepare for ARTLA, the CTL has devised a “Plan once” framework - a heuristic framework for thinking about, and designing your learning opportunities ([click here](#)). Further support documentation, such as updated MS Teams, Adobe Connect, document camera, and PolyStudio is available on the Lecturer Support Page to help guide lecturers until the full ELS solution is available.

As part of the support offer, the following webinars took place during March:

- Video on Lecturer Support Page: “Plan once” framework: A heuristic approach for considering and designing your learning opportunities.
 - Video on Lecturer Support Page: How to navigate the restructured Lecturer Support for Teaching Online Site.
 - Q&A webinar: “Plan once” with what you have: Your teaching and learning approach for term 1.
 - Webinar: Latest SUNLearn and MS Teams functionalities for optimal teaching and learning.
- Recordings of the webinars are available [here](#).

If you have any questions, please contact the professional support staff in your faculty. For their contact details per faculty, click [here](#).

Dosentesteun: Aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (ARTLA) vir 2021

Ter voorbereiding vir die aanvang van die voorgraadse akademiese program op 15 Maart 2021 het die werkgroep oor leer, onderrig en assessering – wat bestaan uit verteenwoordigers van Leer- en Onderrigverryking, Informasietegnologie, die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur, Biblioteek- en Inligtingsdienste, US Internasionaal, fakulteite sowel as studente – beraadslaag oor hoe ons dosente so goed moontlik kan bystaan. As steunafdelings, het ons in 2020 heelwat uit samewerking en hegte vennootskappe met fakulteite en studente geleer. Ons benadering vir 2021 is soos volg:

Ons beoog om wat ons geleer het te benut om ons hulpbronne vir noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA) van 2020 vir die ARTLA-omstandighede van 2021 te konsolideer en aan te pas. Verdere hulpbronne en steun sal ook bygevoeg word om enige leemtes in die oorskakeling van ERTLA (2020) tot ARTLA (2021) te oorbrug. Nes in 2020, wil ons weer een oorhoofse organisasieraamwerk, die DeLTA-raamwerk ([hier te kry](#)), gebruik om ons aktiwiteite te kontekstualiseer. Hierdie skrywe bied 'n oorsig van die steuninisiatiwe wat ons beplan. Versprei dit gerus onder alle dosente in jou fakulteit.

Bywerking van verlede jaar se hulpbronne en steun

3. Webblad vir aanlynonderrigsteun vir dosente ([klik hier vir toegang](#))

Dosente word aangemoedig om steeds hierdie webblad en die hulpbronne daarop te gebruik om vir ARTLA 2021 voor te berei. Die webblad is bygewerk om meer gestroomlyn en gebruikervriendelik te wees, en om te strook met die DeLTA-raamwerk, wat ons as oorhoofse organisasieraamwerk vir al ons aktiwiteite sal gebruik. Die herontwerpde weergawe van die dosentesteunblad is op Maandag 1 Maart 2021 bekend gestel. Bywerkings sluit in die jongste DeLTA-raamwerk, die ARTLA-raamwerk vir eenmalige beplanning, en verdere steundokumente vir die eerste kwartaal.

Onderwerpe wat steeds toeganklik sal wees, sluit in:

- webinare wat in 2020 aangebied is ([klik hier](#));
- praktiese stapsgewyse riglyne ten opsigte van SUNLearn-aktiwiteite en -hulpbronne ([klik hier](#));
- inligting oor benaderings, beginsels en ritinggewende beleide met betrekking tot aanlyn assessering ([klik hier](#)); en
- die doeltreffende gebruik van sinchrone skakelingsplatforms soos MS Teams ([klik hier](#)) en Adobe Connect ([klik hier](#)).

Die kontakbesonderhede van professionele steunpersoneellede per fakulteit is [hier](#) te kry.

4. (Aanlyn) assessering

Die integriteit en geldigheid van die US se (aanlyn) assessering is een van die hoofprioriteite vir 2021 – wat betref veranderende assessoringspraktyke sowel as die gebruik van aanlyn elektroniese assessoringsstelsels om byvoorbeeld met toesig en algehele assessoringsbestuur te help. 'n Bygewerkte weergawe van die gekonsolideerde assessoringsdokument wat ons in 2020 opgestel het, is op die dosentesteunblad te kry ([klik hier](#)). Ons onderneem ook tans 'n formele evaluering van aanlyn assessoringsstelsels met funksies wat nie tans op SUNLearn beskikbaar is nie, waaronder toesig. Ons het verlede jaar met 'n aantal verskaffers van aanlyn assessoringsstelsels in gesprek getree, en formaliseer nou die proses. Ons sal jou op hoogte hou namate ons vorder.

Nuwe inisiatief

2. Uitgebreide leerruimtes en ARTLA

Die US het in November 2020 met 'n ambisieuse en komplekse projek vir uitgebreide leerruimtes begin. Die inisiatief bespoedig die installering van eenhede in ongeveer 183 skeduleerbare lokale om dosente in staat te stel om lesings oor die internet uit te saai en op te neem, en terselfdertyd met studente te skakel wat nie fisies in die lokaal aanwesig is nie. Die huidige tydraamwerk vir installering is **van die begin tot die einde van Mei 2021**. Hoewel die volledige oplossing nie betyds vir die aanvang van die akademiese jaar op 15 Maart beskikbaar was nie, word alle voorbereidingswerk, steun en opleiding intussen gedoen. Ons steunmateriaal sal ook advies insluit oor hoe dosente met die huidige beskikbare toerusting in lokale hulle lesings kan uitsaai en opneem om ARTLA moontlik te maak. Om dosente verder vir ARTLA te help voorberei, het die Sentrum vir Onderrig en Leer 'n raamwerk vir eenmalige beplanning opgestel, wat 'n heuristiese benadering volg om leergeleenthede te bedink en te ontwerp ([klik hier](#)). Verdere steundokumente, soos bygewerkte inligting oor MS Teams, Adobe Connect, dokumentkameras en PolyStudio, is ook sedert 1 Maart op die dosentesteunblad te kry om dosente by te staan tot tyd en wyl die volledige oplossing vir uitgebreide leerruimtes beskikbaar kom.

Die volgende webinare is as deel van die bystandsaanbod aangebied:

- Video op dosentesteunblad: Raamwerk vir eenmalige beplanning: 'n Heuristiese benadering om leergeleenthede te bedink en te ontwerp
- Video op dosentesteunblad: Hoe om die herstruktureerde webtuiste vir aanlynonderrigsteun vir studente te gebruik
- Webinaar met vrae en antwoorde: Beplan eenmalig met wat jy beskikbaar het: Jou onderrig- en leerbenadering vir kwartaal 1
- Webinaar: Jongste SUNLearn- en MS Teams-funksies vir optimale onderrig en leer
Opnames van die webinare is [hier](#) beskikbaar.

Vir enige vrae, kontak gerus die professionele steunpersoneel in jou fakulteit. Hulle kontakbesonderhede per fakulteit is [hier](#) te kry.